## GEBEDSBULLETIN

***November se tema*: VERGIFNIS**

*"Vergeef ons ons skulde soos ons diegene vergewe wat teen ons oortree."*

## DANKSEGGING:

Vir bevryding wanneer jy iemand vergeef.
Vir die Kerssangdiens.
Vir ons Bybelstudie, gebedsgroepe en ander kleingroepe - geestelike groei in 2019.
Ons betrokkenheid by Smartstart en Vroeë Kinderontwikkeling.
Water in ons krane - 'n luukse wat talle mense nie het nie.

## GEBED EN SMEKING:

Kerspakkies vir Herberg Kinderhuis en spesiale bydraes vir ons gemeente se kospakkies.
Dankbaarheidsmaand bydraes en vir die gemeente se finansies.
Matriekspedisie en Stranddienste gedurende Desember.
Vir mense wat met jarelange wrokke loop en nie kan vergewe nie.
'n Nuwe bedreiging is kieme wat weerstandig is teen antibiotika. Bid vir die mediese wetenskap vir wysheid.
Geweld teen vroue en kinders (25 Nov tot 10 Des is 16 dae gebedsveldtog).
Geweld teen of verwaarlosing van bejaardes in versorgingsoorde.
Matrieks - eindeksamen en ander grade se eksamen (selfdissipline, volharding).
Droogte in groot dele van ons land en skade in ander dele (hael, storms, ens).






# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 24 NOVEMBER 2019**

ONS EER GOD MET LIEFDEVOLLE OMSIEN EN UITREIK

*"Die Here sal jou beskerm teen alle gevaar, jou lewe sal Hy beskerm. Hy sal jou beskerm waar jy ook gaan, nou en vir altyd." (Psalm 121:7-8)*

## PROGRAM VIR VANDAG:

**09:00 Eredienste**
Kerk (Ds André)

**09:00 Vleesbaai**
Ds Robert

Spesiale offer vir die Vonkelvroue

**KATEGESE/KINDERKERK:**

| | |
|---|---|
| Gr R-6 | Kinderkerk in die saal |
| Gr 7-8 | Soos deur Cobus gereël |
| Gr 9-10 | Geen |

## VOLGENDE SONDAG:

**09:00 Eredienste**
Kerk (Ds André)

**09:00 Vleesbaai**
Ds Pieter Louw

Spesiale offer vir die Klanktoerusting

**KATEGESE/KINDERKERK:**

Gr R-11 Geen tot na skoolvakansie

## AKTIWITEITE VIR DIE WEEK:

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

| | |
|---|---|
| **MAANDAG:** | 15:00 Bybelstudie Santos 2 (ds Danie) |
| **DINSDAG:** | 09:00 Bybelstudie (ds Robert) |
| | 09:30 Bybelstudie konsistorie (ds Danie) |
| | 09:30 Bybelstudie saal (ds André) |
| | 19:00 Bybelstudie Tienie Bothastr (ds Robert) |
| **WOENSDAG:** | 15:30 Biduur Santos 1—alle lidmate welkom! (ds André) |
| **DONDERDAG:** | 06:00 Manne saambid in saal |

### NUWE MENSE

**Baie hartlik welkom in ons Christus-familie!**
Ontmoet die dominee na die diens voor by die preekstoel.
Kom geniet 'n koppie tee/koffie na afloop van die erediens.

**FINANSIËLE BYDRAES:**
**Vir dankoffers & spesiale projek bydraes:**
NG Kerk Mosselbaai-Suid
ABSA tjek—207 058 0031
(indien jy vir 'n spesiale projek bydra, gee jou naam en projek by die verwysing)
**Vir Geloofsgelofte-bydraes:**
NG Kerk Mosselbaai (GBO)
ABSA tjek—207 016 7886

# IN FOKUS:

**KOSKAS:** NOVEMBER is Streek B se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word.

**DEUROFFERS:** Spesiale offer vir Kinderkerk was R2131-50.

**BAIE WELKOM NUWE LIDMATE:** Die volgende lidmate is met Bewys van Lidmaatskap na ons gemeente oorgeplaas: Elizabeth Delikat (Fynboshoogte) vanaf Stellenberg.

**TE KOOP:** Rosyne R50p/kg by die kerkkantoor.

**KERSMARK KOMBUIS:** Ons gemeente is weer verantwoordelik vir die kombuis gedurende die KERSMARK, 17-19 Desember. Ons soek baie hande om te help! Indien u 'n uur of twee kan help, kontak asb vir Marie (044-6904215/0721422313) of die kerkkantoor (044-6903552). Ons wil graag 'n skofterooster opstel.




**JAARPROGRAMME 2020:** Alle dienswerkers, diakens en ouderlinge kan die jaarprogramme kom afhaal by die kantoor. Lidmate wat buite die gemeentegrense woon, kan wanneer hulle kerkkantoor toe kom, 'n 2020 program afhaal.

**FRANCOIS EN ELIZABETH FOURIE:** Die gewilde Francois en Elizabeth Fourie kom Donderdag, 28 November 2019 om 10:00, sommer net 'n lekker program van bekende en geestelike liedere in die NG Moedergemeente Mosselbaai aanbied. Kaartjies kos R50 pp. en sal by die kerkkantoor (044 691 2465) en deure beskikbaar wees.

**WATERHULP:** Daar is 'n ernstige watertekort in ons distrikte van Herbertsdale en Brandwacht. Ons soek 5L waterbottels om vol te maak. Die brandweer sal dit aflewer. Bottels kan direk by die brandweerstasie of die kerkkantoor afgegee word.

**SPESIALE KOSPAKKIES:** Ons gee Desember 'n spesiale kospakkie wat oa die volgende bevat:
Jellie, ingemaakte vrugte, koekies, blikkies groente, aanmaakkoeldrank en hoender of enige vars vleis. Kontant welkom. Handig asb in by die kerkkantoor voor einde November.






**HERBERG KINDERHUIS:** Ons beplan om voor die skoolvakansie in Desember eetgoed, ens na die Kinderhuis te neem vir die kinders wat inbly met vakansie.
Die volgende word oa benodig:
Skoonmaakmiddels (Poeierseep, handy andy, skottelgoedseep en vadoeke). Toiletware (shampoe, seep, handeroom en waslappies).
Koekies, lekkers en beskuit.
Toebroodjiesmere (Marmite, grondboonbotter, konfyt, stroop). Blikkies vleis, vis, tuna, Weense worsies, polonie en kaas.
Chips & Snacks, Grondbone & rosyne wat in kosblikke kan kom.
Kontant ook welkom dan koop ons aan wat ons nie ontvang het nie. Daar is ongeveer 15 dogters in Huis C van Laerskool ouderdom. Handig asseblief in voor of op 29 November 2019 in by kerkkantoor. As u van ´n geleentheid weet na Robertson, kontak ons asseblief.

**VOORBIDDING GEVRA VIR:**
Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë en Fynbos se siekeboeg, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

Chrisjan la Grange Fynbos Aftreeoord, Pierre Marais Nuture Park, Schalk vd Merwe Beldonstr, Johan Oosthuizen Kenani, Ronnie Vermeulen Protea Aftreeoord, Esmé Meyer Fynbos, Johan Kemp Blombosch, Henry van Wyk Santos Haven, Hannes Theron Edgar Furnessstr, Hennie van Greunen Da Gamastr.
**STERFTES:** Rhona Barnard (eggenote van Danie) Santos Haven. David Johnson (eggenoot van Lien) Johnsonspos. Troosdiens is Woensdag om 14:00 in Vleesbaai se kerkgebou.

# PERSONEEL INFO:

**KERKKANTOOR:**
Telefoon: 044-690 3552
ngkerkmsb-suid@absamail.co.za

Kantoorure:
Maandag 10:00—12:30
Dinsdag—Vrydag 07:30—12:30

**KASSIER, SAALBESPREKINGS, ONTVANGS, LIDMAATREGISTER:**
Maretha Fourie 044-690 3552

**SKRIBA, FINANSIES, ADMIN– EN KOMMUNIKASIEBEAMPTE:**
Lezelda Faul 044-690 3552

**KOSTER:**
Nic Olivier 072 485 1316

**ORRELIS:**
Cobus du Toit 072 645 3194

**PREDIKANTE:**
Ds Danie: 044-691 1450
084 701 4386
dsdansmit@gmail.com
Ds André: 044-693 2462
084 613 2462
andrekritzinger01@gmail.com
Ds Robert: 044-691 2244
084 684 1304
robmar@cybersmart.co.za

